
# Fokus in die laaste dae





**2021-08-08**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## 2 Petrus 3

**2Pe 3:3** Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom
wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel **4** en sê: Waar is die belofte van sy
wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin
van die skepping af. **10** Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag,
waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan,
en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.
**11** Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige
wandel en godsvrug nie? —**12** julle wat die koms van die dag van God verwag en
verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en
versmelt. **13** Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde
waarin geregtigheid woon. **14** Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag,
beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in
vrede. **17** Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees
dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en
wegval uit jul eie vastigheid nie.
**18** Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker,
Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die
ewigheid. Amen.



## In die laaste dae…Spotters

*2Pe 3:3 Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel*
*2Pe 3:4 en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.*

- Spotters
- Eie begeerlikhede
- Eie ek
- Fokus gaan op mense wees

## In die laaste dae…liefhebbers van hulself

*2Ti 3:1 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. 2Ti 3:2 Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,*
*2Ti 3:3 sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, 2Ti 3:4 verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God*;

## In die laaste dae…Gaan Jesus weer kom

*2Pe 3:10 Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.*

- Maar: Jesus het 'n afspraak gemaak. Hy beloof Hy gaan weer kom.
- Tydelike en aardse dinge gaan verbygaan en verbrand




## In die laaste dae… aardse skatte

Mat 6:19 Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;
Mat 6:20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;
Mat 6:21 want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

## In die laaste dae…is jou siel die belangrikste

Mar 8:35  Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red.
Mar 8:36  Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?
Mar 8:37  Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?
Mar 8:38  Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.



## In die laaste dae…leef heilig, dra vrug en kry vrede

*2Pe 3:11 Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?*

- Dit is nou die tyd om heilig te wandel
- Dit is nou die tyd om vrug te dra

*2Pe 3:14 Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.*

## In die laaste dae…Verwag die koms van Jesus

*2Pe 3:12 julle wat die koms van die dag van God verwag*

- Dit behoort elke kind van die Here se gesindheid te wees.
- Maranáta (Our Lord will come!!)

## In die laaste dae...waaksaam

*2Pe 3:17 Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie.*

- Ons weet dinge vooruit
- Bly waaksaam
- Hou by God se Woord en wat geleer is
- Standvastig
- Moet jou nie oopmaak vir verkeerde stemme en leuens nie.

## In die laaste dae... Leer Jesus beter ken

*2Pe 3:18 Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.*

- Verhouding met Jesus moet toeneem en groei
- Leer Sy genade beter ken.

*But grow in sprititual strength and become better acquainted with our Lord an dSavior Jesus Christ (Living Bible)*

*But grow (spiritually mature) in the grace and knowledge of our Lord and Savior Jesus Christ. (Amp)*

## God antwoord vir Paulus: Sy Genade is Genoeg

- God se genade en voorsiening is genoeg om:
  - Ons te ondersteun selfs wanneer daar 'n doring is
  - Sy genade versterk ons
  - Dit lig ons gees en beur ons op.
- God se genade herinner ons dat die volmaakte werk wat Jesus Christus gedoen het, genoeg is vir ons.
  - *2Kor 12:9 En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.*

## Genade word betoon deur Jesus Christus

Joh 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

